STONEHILL LANGS DIE BREEDE RIVIER NABY SWELLENDAM OKT. 2015

In Oktober 2013 nooi Hantie Verwoerd ’n groep vriende om ’n naweek saam met hulle by ’n vakansieoord, Stonehill, langs die Breede rivier, naby Swellendam deur te bring. Ons het in twee baie gerieflik toegeruste huise langs die Breede rivier tuisgegaan. Dit het voor en gedurende die naweek hard gereën in die bo Breede rivier vallei by Worcester. Reeds die Saterdagoggend het die rivier sterk begin vloei en geleidelik sy walle begin oorstroom !

Die Breede rivier het sterk en vinnig begin vloei

Dit het die Canasta spelers skynbaar nog nie gepla nie

Hier begin die opdrifsels al hoe hoër kom !

Die water is nou al oor die pad

Ons het die situasie maar fyn dopgehou. Toe die water egter op die vlak onder die huise gekom het waar ons motors geparkeer was, het ons hulle na hoër grond verskuif indien ons skielik die huise sou moes ontruim.

Stadig al hoe hoër !

En nog hoër !

Teen 5 uur op Sondagmôre het meeste gevoel ons moet maar ons goedjies vat en is ons met ’n paadjie agter die huise na waar ons motors geparkeer was. Daar was darem nog tyd vir ’n groepfoto !

Op die groepfoto: Pierre en Johanna de Wet, Andre en Rogene Brand (met rooi baadjie). Agter hulle Charl en Marié de Wet. In die middel voor Hantie Verwoerd. Links van haar Vicky en Frik Stander, Maude en Robbie Guthrie en Barbara Gericke. Voor is Anton Gericke, wat al die naweek se foto’s geneem het ! Dankie, Anton

Colin was ongelukkig die naweek met werksverpligtinge in China en kon nie die naweek by wees nie !

Terug na Inhoudsopgawe